# Hulp en Hoop

Kwartaal 1

APRIL 2021

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

Sentrumbestuurder
Nanette Strauss-Botha
083 336 9326

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe

| | |
|---|---|
| Skakel persone tussen wyke | 2 |
| Pinkster | 2 |
| Wilde-vy bonzai | 2 |
| Jeug | 3 |
| Aksie Jonk van Gees | 3 |
| Christen Gedenktuin | 4 |
| Gemeentefoto's | 4 |

## Boodskap van Ds Jacques

Hallo vriende.

Hierdie eerste kwartaal het darem verskriklik vinnig verby gevlieg, en wat 'n propvol opwindende kwartaal was dit nie. Uit 'n kerk oogpunt het meeste van ons besluite afgehang van die President se toesprake en was dit asof die spanning en die bespiegelinge opgebou tot daardie geleentheid.

Die een ding wat COVID ons geleer het, is om vinnig planne te maak in moeilike veranderde omstandighede. Ons kan trots wees op ons **Jeug span** Susan Fourie, Tanja Pretorius en Juanita Olivier wat planne gemaak het om ons as ouers te begelei om ons kinders te leer en te onderrig, dmv die ODOS materiaal saam met die Youtube kanaal. Dan was dit ook lekker die laaste paar weke om die beurt met ons junior jeug (kategese klasse) te kon begin.

Dit was ook vindingryk van die **Tegniese span** Bismark Olivier om die 2 TV stelle buite op te rig sodat mense buite met 'n koppie koffie, "tentkerk" te kan hou so op jou eie kampstoel, moet sê my familie kies nogal die informele manier van erediens hou.

Ons is dankbaar vir die belydenisklas en ander hoërskool jongmense wat in die aande saam kon kom wandel en leer in God se Woord en dan ook sommer saam te kuier.

Deel van die nuwe soeke "om kerk te wees in die wêreld" gaan ons baie moet fokus op onderlinge versorging van ons lidmate. Daarom is ek bly dat die **Aksie Jonk van Gees** ook met hulle eie span onder leiding van Dalene Pelzer en Tokkie Ras, kon afskop en groot dinge wat vir die jaar beplan word. Die **Middeleeuer groep** het ook weer bymekaar gekom en het lekker saam gebraai.

Ons moet egter aandag gee aan die ander been en dit is **virtuele bediening**. Ons weet dat virtuele eredienste 'n werklikheid geword het in "kerk wees" en deel gaan wees vir die toekoms. Ons as gemeente is tans besig om ons virtuele toerusting op te gradeer en sal binnekort die gehalte van die facebook uitsendings verbeter. Dit sal ons ook in staat stel om meer bedienings geleenthede op die been te bring. Ons gaan die virtuele bediening, **kommunikasie** saam met Jackie Opperman meer en meer moet uitbrei om die blyeboodskap uit te saai maar ook om ons lidmate op verskille maniere met mekaar in kontak te hou. Ons mag ook nooit ophou om 'n verskil in die wêreld te maak nie!

Die **groente tuin-projek** is besig om uitgebrei te word aangesien die behoefte aan voedsel al hoe groter word. Ons is tans ook betrokke by **Abraham Kriel, die Ouetehuis en die Dienssentrum.** U as gemeente moet weet daar vind baie versorging plaas wat nie altyd deur gegee kan word nie, hoe ons mekaar versorg of dit met kos is of dit met pastorale gesprekke is, die werk hou nooit op nie.

Ons het ook al hoe meer begin agterkom dat hierdie tye waarin ons onself nou bevind vra vir onderlinge versorging en omgee van mekaar en ook so ons lidmate. Daarom het Kpln. Dawie Kotze en sy span van versorgers die gemeente weer begin kontak en versorg, sien asb. ook die artikel.

U sal ook opmerk dat ons hard besig om in ons tuine te werk. Ons wil die **gemeente bestuurder** Nanette Strauss en haar span ook dankie sê vir hulle harde werk. So ook het tannie Gerda du Toit 'n gedeelte van die tuin onder haar sorg geneem en gesorg vir 'n besondere stukkie kunstige natuur. In tye soos die besef ons ook meer en meer die waarde van ons **Admin dame** Anita en Truly by **Finansies.**

Vriende ons mag nooit vergeet ***1 Petrus 5:*** ***[8]Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. [9]Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.[10]God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. [11]Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.***

Ons moet mekaar help om nugter te wees, om wakker te wees om sterk te staan. Ons moet mekaar bemoedig, troos en omgee. Mag die kerk van Jesus Christus waarvan jy deel is nooit ophou om deur die liefde van God en die Genade van Jesus Christus en gelei deur die Heilige Gees funksioneer as die volk van God nie.

Groete in Christus




**Ons sal nooit die wêreld kan verander deur net kerk toe te gaan nie.
Ons kan slegs die wêreld verander deur die kerk vir ander te wees**



## SKAKEL PERSONE TUSSEN WYKE

Volgens 1 Kor 12 is die gemeente 'n liggaam en Christus is die hoof. Die lede van die liggaam moet mekaar versorg en dien met die gawes wat die Heilige Gees aan elkeen gee. Ons sal nie ons roeping in die wêreld kan vervul as die liggaam onversorg en swak is nie, daarom moet ons na mekaar omsien.

Die versorging van lidmate binne ons gemeente behels die volgende:

- huisbesoeke aan lidmate wat 'n behoefte daaraan het
- siekebesoeke aan mense in die hospitale en tuis
- kleingroep inskakeling (Bybelstudiebyeenkomste, Aksie Jonk van Gees, Middeleeuers ens)
- skakeling met ons senior lidmate
- **skakelpersone tussen wyke**

**Die skakelpersone** is 'n klompie lidmate wat hulle beskikbaar gestel het om ons lidmate, in wyksverband, gereeld op informele wyse te kontak. Die persone is aangewys om belang te stel in wat in ons lewens aangaan, uit te vra oor die uitdagings op ons pad en vir ons te bid.

Daarom vra ons dat u saam met ons sal werk sodat ons op die manier ook mekaar kan versorg.

Indien u enige insette het of enige navrae het rondom die versorging van ons lidmate, is welkom om vir Kpln Dawie 084 515 8680 of ds Jacques te skakel

# PINKSTER

**Waar kom die Pinkster tradisie vandaan?**

Paassondag en Pinkstersondag omraam die oudste en belangrikste seisoen in die kalender, 'n periode van vyftig dae. Oorspronklik is nie net na die laaste dag nie, maar na die hele seisoen verwys as Pinkster. Die Engelse Pentecost kom van die Griekse pentekoste wat vyftig beteken. Tydens hierdie vyftig dae gedenk ons nie net Jesus se opstanding nie, maar die werk van al drie Persone: agter alles staan God as Vader, Skepper en Herskepper wie se verlossingsplan deur Christus en die Gees waar word.

Christus het opgestaan en so die oorwinning oor die dood bekragtig. Die gees skenk aan ons geloof en bewerk die opstandingslewe in ons. Hy laat ons deel in die werk van Christus. Hy skakel ons by God se plan in: as ontvangers én verspreiders van die Nuwe lewe.

Soos die Pasga was die Pinksterfees oorspronklik 'n Joodse fees: die Dag van die Eerste Vrugte of Fees van die Weke (Shavuot), die oesfees waarvan Lev. 23:16 praat. Gedurende die eerste eeu n.C. het die Jode hierdie fees begin assosieer met die ontvangs van die wet op die berg Sinai. Christene het die parallel getrek tussen die Jode se ontvangs
van die wet en hulle ontvangs van die Gees. Dit kan moontlik selfs wees dat Paulus na hierdie kontras verwys in Kor. 3:7-8

**Wat vier ons met Pinkster?**

Op Pinkstersondag vier die kerk die uitstorting van die Heilige Gees, toe tonge van vuur en die gawe om in tale te praat oor die dissipels gekom het

Die dissipels, wat aan die treur was oor Jesus se weggaan, is op hierdie dag vervul met blydskap en kragtig in beweging gebring om die nuus van Jesus se opstanding die hele wêreld in te dra. 'n Mens kan amper sê dat die kerk op hierdie dag gebore is. Pinksterdag is inderdaad die verjaardag van die kerk!

**Simbole, rituele en gebruike met Pinkster**

Die kerk het tradisioneel op die Pinksterdag lidmate gedoop wat nog nie mat die Paassondag gereed was nie.

Die viering van die verjaardag van die kerk is inderdaad 'n goeie tyd om ook die geestelike geboorte van nuwe Christene te vier. Vir reeds gedoopte lidmate is Pinksterdag 'n goeie geleentheid om hulle doopbeloftes te hernuwe. Op hierdie dag word aalmoese uitgedeel aan die armes. Spesiale klem word gelê op gasvryheid teenoor vreemdelinge.

Uitstallings van kuns, handewerk, blomme, ensovoorts simboliseer op hierdie dag die gees se gawes aan die gemeente.

Simbole en handelinge laat die klem val op die talewonder, die eenheid van die kerk (dieselfde Gees woon in alle gelowiges) en die uitreik-karakter van die kerk.

'n Duif, tonge van vuur of 'n afwaartse pyl kan die Heilige Gees simboliseer, 'n skip of reënboog simboliseer die kerk.

Gesinne kan in hierdie tyd gerus 'n duif uit karton knip en dit op hulle voordeure plak.

Hemelvaart en Pinksterdag is aanvanklik saam gevier, sodat die indruk nie geskep word dat die dissipels op 'n stadium totaal van God verlaat is nie. Later is die twee vierings geskei. Die tien dae tussen die Hemelvaart en Pinkster het die karakter verkry van 'n tyd van afwagting tot die Gees die Kerk nut maak en uitstuur. Pinksterbidure het in die NG Kerk-familie só 'n tyd van afwagting geword. Sulke bidure is egter nie 'n gebruik elders in die kerk nie. In 1860 was daar groot herlewings in die Kaapse NG Kerkfamilie. Andrew Murray het 'n groot aandeel gehad dat die herlewings sterk sendinggerig was. Die herlewing



het oor die hele land versprei. Gebed en die werking van die Heilige Gees is beklemtoon. In sommige gemeentes is daagliks vir gebed bymekaargekom. Hier het Pinksterbidure (en trouens ook die week van Gebed) ontstaan. Dis belangrik om in Pinkstertyd besondere klem te lê op ons getuienis na buite. Voorbidding vir sending en plaaslike sendingsaksies kan meer aandag kry. Soos God vir Jesus gestuur het, stuur Hy ons nou verder met die krag van sy Gees.

Die Pinksterbidure is verder 'n goeie tyd om terug te kyk op die Maansiklus en om onsself af te vra hoe ons die beweging from ashes (Lydenstyd) to fire (Pinkstertyd) beleef het. Dit is 'n tyd vir toegespitste vernuwing in die kerk. Veral is dit 'n tyd waar die kerk ontdek dat sy 'n vreemde organisasie is. Waar alle ander organisasies daar is vir hulle lede, is hierdie organisasie, die kerk, daar vir sy nielede. Die wese van die kerk is dat die Gees ons die wêreld instuur.

**Kleure in Pinkster**

Rooi en goud simboliseer op die Pinksterdag die tonge van vuur

NG Linden

Gesamentlike Pinksterdienste vind plaas by Hulp en Hoop Gemeente vanaf 16 Mei.
Dr Jaco Putter (Pietersburg Noord gemeente) lei die dienste

## WILDE –VY BONZAI

Lidmate sal onthou dat die bonsai by die amfi op die stoep gestaan het, maar wonder dalk wat van die boompie geword het.

Gedurende verlede jaar se Covid inperkingsperiode het die boompie baie swaar gekry en amper doodgegaan agv te min water en die nodige versorging. Johan Kirchner het die boompie kom haal en versorg en vertroetel tot die mooi bonsai wat hy vandag is.

Sien foto hier langs-aan.

Maar so het die boompie ook 'n baie interressante geskiedenis. Ds Roelf Opperman Oud Leraar vertel dat 'n vyeboom op die NG Moedergemeente se toring begin groei het en die toring se dak begin kraak het. Moedergemeente se kerkraad het toe besluit dat die boom verwyder moet word. Volgens ds Roelf, as sy geheue hom nie in die steek laat nie,

het Piet Pienaar, die destydse koster opgeklim om die boom af te haal. Hy het dit na Oom Blackie Swart geneem wat die boom daarna in 'n paar dele verdeel het om bonzais daarvan te maak.

Ds Roelf sê dat hyself ook een van die dele gekry het en staan by sy huis in die voorportaal.



## JEUG EN KATEGESE

Ons het hierdie jaar begin met kategese en kinderkerk vanaf 15 Februarie 2021. Die kategese materiaal wat ons hierdie jaar gebruik is die ODOS reeks.

Die Kategete het ouers geskakel en hulle self bekendgestel. Boeke is bestel en daarna het ons die lessies per graad uitgestuur d.m.v Youtube, sodat ouers en kinders deur die week by die huis daarna kan kyk en dit bespreek.

Ouers moet ons asb in kennis te stel indien u nog nie deur 'n Kategeet gekontak is nie of as u kind nog nie by 'n kategese groep inskakel nie.

Ons Kategete vir 2021 is soos volg :

| | |
|---|---|
| Gr.1 | Mieke Greyling |
| Gr.2 | Eduané Naude |
| Gr.3 | Christa Darvall |
| Gr.4 | Altus Van Der Merwe |
| Gr.5 | Juanita Olivier |
| Gr.6 | Magda De Vos |
| Gr.7 | Nelanda Bekker |
| Gr.8 | Charnette Opperman |
| Gr.9 | Tanja Pretorius |
| Gr.10 | Suretha Kruger |

Vir enige Jeug navrae skakel gerus vir : Susan Fourie 073 770 3993

Intussen het het ons die besluit geneem om met beperkte getalle te begin met die fisiese aanbied van kategese by die gemeentesentrum, a.g.v die Covid inperking is besluit om die grade op te deel in twee groepe en dan kom hulle om die beurte op Sondae oggende om 9h00 in die Jeughuis bymekaar. Ons kom eers as 'n groot groep bymekaar waar ons hoor wie verjaar het, sing 'n liedjie of twee en dan deel elke graad op in hulle verskillende groepies, saam met hulle kategeet om die lessie van die week verder te bespreek.

Ons het begin met Gr.1 tot Gr.3 en daarna die Gr. 4 tot Gr 7's. Die eerste byeenkomste was maar klein, maar het intussen lekker gegroei en elke jongmens sien vreeslik uit na die volgende byeenkoms.

Ons poppekas word ook steeds uitgesaai op Facebook, maar ons beplan dat Frikkie, Hes, Blapsie en Woefels meer gereeld gaan kom kuier by die Jeughuis van volgende kwartaal af.









## JEUG Byeenkomste (Hoërskool Jong-

Die belydenisklas vir 2021 kom Sondae middae vanaf 17h00 in die Jeughuis bymekaar. Dis 'n groep van so 22 jongmense, onder leiding van Ds Jacques.

Oom Neels Myburgh staan ook weer die jaar in as Kategeet vir die Belydenisklas Jongmense wat in ander dorpe skoolgaan en nie die aandbyeenkomste kan bywoon nie.

Sondae aande vanaf 18h15 kom al ons senior Jeug (Gr.8 tot Gr.10) bymekaar. Aanpassings rondom ons aanddienste is gemaak om ons Jonmense ook toe te rus. 'n Standaard les word aangebied oor Christenskap en lewens waardes in 'n jongmens-wêreld, waarna groepbesprekings volg.

Die aand word afgesluit met 'n lekker saamkuier, volleyball– en Ninja speel, roomys eet ens


















## Aksie Jonk van Gees

Ons leef tans in 'n wêreld van isolasie, ons mag nie dit agterweë laat om mekaar te versorg nie. By 'n Aksie soos die Aksie Jonk van Gees kan ons, ons talente en gawes so gebruik om ander gelowiges deel te kan maak, 'n veilige ruimte skep waar mense saam in God se teenwoordigheid kan vertoef. Ons kan 'n plek skep waar mens "hoort", gehoor kan word, liefde en sekuriteit ervaar, 'n plek waar mens optimaal kan wees.

Die Aksie se eerste byeenkoms het plaasgevind op 18 Maart 2021. Dit is as beplanningsbyeenkoms gehou

Met 'n groep van +- 25 seniors is daar saam besluit wat op sosiaal en fondsinsamelingsbyeenkomste gedoen gaan word. Baie positiewe bydraes is gemaak wat ons opgewonde maak vir die jaar wat voorlê. Natuurlik was daar ook heerlik gekuier en gesmul aan tuisgebak wat deur die dames voorsien is.

Daarna het ons 'n heerlike Bring en Braai gehou op 15 April.

Die belangrikste projek wat deur die aksie beplan word is die Markdag wat gedurende Oktober-maand beplan word. Elke persoon by die aksie word aanmoedig om sy / haar talente / gawes te identifiseer en dit op so 'n manier met ander te deel.

Alle afgetrede persone, lidmate / nie-lidmate word uitgenooi om by die aksie in te skakel. Byeenkomste vind plaas op 'n maandelikse basis

Skakel gerus vir Delene Pelzer vir meer besonderhede 0627925225







# Christen Gedenktuin

- *Die doelstelling van die Gedenktuin is om 'n alternatief daar te stel vir die herinnerings-bewaring van die veraste stoflike oorskotte van geliefdes anders as die tradisionele teraardebestellings.*
- *Die gedenktuin is 'n logiese en praktiese stap om voorsiening te maak vir 'n mens se laaste rusplek.*
- *In vandag se lewe is begraafplase baie onveilige plekke, terwyl 'n ommuurde, rustige gedenktuin in 'n mens se behoeftes aan sekuriteit en rustigheid kan voldoen.*
- *Die gedenktuin is maklik toeganklik terwyl begraafplase ver lê van residensiële areas af.*
- *Grafskending word uitgeskakel.*
- *Gedenktuine is die terugkeer na die tradisionele gebruik waar die kerkgebou en die begraafplaas weer bymekaar gebring word (dink maar aan die woord kerkhof).*
- *Die Gedenktuin is 'n diens aan die Christelike Gemeenskap van Mokopane en omgewing en daarom sal alle Christelike denominasies die geleentheid gegee word om van die gedenktuin gebruik te maak vir plasings.*
- *Die aankoopsom van R. 2.000,00 per enkelplasing en R. 2.500,00 per dubbelplasing sluit die volgende in: instandhouding van die tuin en die nis, administrasie, die graniet gedenkplaat en die gravering van die gedenkplaat.*

HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK
015 491 3537









